

1John 5:12 The person who has the Son has this life. The person who doesn't have the Son of God doesn't have this life.

Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: crossroads@vodamail.co.za 94 Dickens Ave, Orkney, 2619.
Francois – 079 498 6099 René – 073 258 2688 First National Bank: 62016730865

ONS LOOF DIE HERE VIR....

135 SIELE!!!!



CROSSROAD MINISTRIES EN STUNTERS 4 CHRIST HET ALREEDS VRYDAGAAND 19 NOV IN 'N LEKKER WARM STELLA AANGEKOM EN ONS HET NIE IN ONS WILDSTE DROME KON RAAI WAT VIR ONS WAG NIE!

Ons het Saterdagoggend vroeg-vroeg begin klank opstel en daar was 'n heerlike atmosfeer onder die Stellalanders! Lighuis Bedieninge onder leiding van Ps Hans Hayward het ons genooi om saam met hul uit te reik vir die naweek, maar nou ja, ons weet al as God 'n plan vir 'n dorp het, beweeg Hy hemel en aarde!

Hoe doen ons dit?

Paulus skryf in **2 Kor 12:16** Maar laat dit so wees! Ek het julle nie beswaar nie, maar omdat ek slim was, het ek julle met lis gevang. Met hierdie unieke bediening is dit waaragtig die geval! Ons trek skares mense wat belangstellend naderstaan om hierdie manne wat bloedgewaste kinders van die Here is, op hul superbikes gade te slaan, maar dan gooi ons die vangnette uit! Francois begin deur die skare te vra: **“Lyk jou lewe soos hierdie uitgebrande stukkie tyre wat hier op die pad lê?” Is jou lewe ook ge-“pop” soos hierdie stunterbiker se tyre? Sien jy nog kans om so aan te ploeter?”** Nodeloos

om te sê, begin die trane te vloei en mense breek voor die Here, want hul gees is honger om vervul te word met die Gees van die Lewende God! Dis onsagwekkend groot om te sien hoe die Gees van God vaardig word in die middel van 'n teerpad en mense se lewens radikaal draai na God!

'n Ope Uitnodiging! As jy nie meer raad het hoe om jou dorp of stad vir Jesus te wen nie....kontak ons vandag nog! Hierdie is 'n wensresept uit die Hart van God!

Ons bou vriendskappe oor kerkgrense heen, ons lag en huil saam met wildvreemde mense, ons wys hul die liefde van Jesus vir 'n verlore gaande wêreld en juig dan saam met die Engele oor elke siel wat tot redding kom! Hallelujah!

Regs: Stunter Jan Dup en Ps Francois bou so bietjie humor in !





Crossroad Studios se vordering...

Ons beplanning is om binne die volgende 2 weke in produksie te gaan en ons sê dankie vir elke Kruispad Koning & vriend wat ons ondersteun met jul gebede en finansies! Hierdie is verseker een van ons groter geloofstappe, maar omdat dit in God se wil is, voorsien die Here op tyd elke keer!! Ons gaan jul op hoogte hou en kan self nie wag om ons eerste trial run te doen nie!! Die ou koppies word nou bietjie gestretch, want die brein is maar nog geroes as dit by by al die tegnologie kom, maar ons is tot alles instaat deur Christus wat vir ons die krag gee!

Kosmos Konferensie 12-14 November 2010



Wat 'n groot blessing!!! Ons het die Senior bediening van AGS Dinamika Vanderbijlpark bedien en dit was vir ons sekerlik een van ons hoogtepunte vir 2010! Dit was vir ons 'n besondere voorreg om te besef dat God ons gekies het om hulle te bedien. Ons praat van diep Godsmanne & vroue wat die Woord ken en al jare die pad van heiligmaking stap. Ons het by hulle geleer, maar verseker het hulle ook geleer van die "varkie" wat jou lewe lekker kan omkrap! Ons het later maagpyn gehad van al die lag en dis alles Francois se skuld! Sy boodskap het gegaan oor die gees, siel en liggaam en hoekom ons koppies somtyds so raas (as die siel oomee die gees begin beheer neem) Nou ja, dit is die "vark" se skuld! As jul nuuskierig is en nog nooit die verhaaltjie van die Van den Berg varkie gehoor het nie, moet jul

maar net nog 'n rukkie wag, want ons gaan hierdie reeks van 4 DVD's heel eerste opneem en beskikbaar stel. Hou gerus ons webtuiste dop! www.crossroad-ministries.co.za

Dankie aan Nico & Zelda Oosthuizen wat saam met ons bedien het hierdie naweek. Ons kon sien hoe die Kosmos mense met julle vereenselwig en dat julle 'n groot invloed en inspraak het op hul lewens en die planne wat God vir hulle het.

Dankie Oom Des & Tannie Heila vir jul gehoorsaamheid en onbesproke karakter. Jul liefde en respek vir ons was so opmerklik en ons kan net dankie sê dat julle ons onvoorwaardelik aanvaar!

"KOSMOS, ONS BIND DIE VOORSIENING, GUNS EN VOORDEEL VAN DIE VADER, SEUN EN HEILIGE GEES, STYF VAS AAN JUL LEWENS EN HIERDIE GODGEGEWE BEDIENING!"



Baie geluk aan Mnr & Mev Barnard!



Ons het Vrydagaand 18/11/2010, vir Johan & Magdel-Marié Barnard in die huwelik bevestig op hul plaas buite Wolmaranstad. Dit was 'n heerlike ontspanne atmosfeer en ons was bitter jammer ons kon nie langer kuier nie, maar die kruispaaie het ons naam geroep en Stella het gewag!

Ons beskou die huwelik as 'n baie ernstige verbond omrede daar 'n belofte voor God en getuies afgelê word. Voor dit egter gedoen kan word **MOET** die man en vrou verseker wees dat **GOD se goedkeuring** op hierdie verhouding is en dat dit **HY** is wat hulle saamvoeg en nie **HULSELF** nie! Ja, ons kan onself bymekaar voeg sonder om vir God te vra! As jul dit wel gedoen het en jul huwelik stuur op 'n ramp af, bely jul ongehoorsaamheid en bid dat God jul hierdie vleeslike besluit sal vergewe en dit sal

omkeer in 'n seën. As jul God liefhet en Hom opreg dien, sal Hy jul foute en misdade vergewe en alles ten goede laat meewerk en jul huwelik **SAL** geseënd wees!

Ons het 'n stewige paar dae wat lê en wag en ons vra dat julle vir ons regtig sal opdra aan die Here as julle aan ons dink!

Bid ook vir die volgende twee uitreikings!



NW Bikers Church 28 Nov 2010, 09h00, Mayfair Village

Tema: "Dit is die vark se skuld!" Moet nie hierdie diens misloop nie. Ons gaan GROOT geestelike stappe gee! Besoek ons website vir meer inligting www.nwbikerschurch.co.za



Yadah Dansgroep

Ons bedien op **3 Desember 2010** by AGS Dinamika en het die voorreg om Yadah Dansgroep se afsluiting vir 2010 waar te neem! Ons tema vir die aand is: "

"Prepare the way of the Lord!"

Ons gaan **LIVE WORSHIP & PROPHETIC MINISTRY** hê en is verseker dat die Here 'n awesome Woord het vir Yadah vir 2011!!! Almal is welkom en ons gaan die Here aanbid in Gees en in Waarheid, ons gaan in Sy teenwoordigheid lê en week en net toelaat dat ons verfris en verkwik word na liggaam, siel en gees! "Here, ons is so opgewonde vir wat U wil doen! Amen!"

Rescue My children, 1 Heart at a Time!



Ons is tans besig om ons **Youth Ministry** van die grond af te kry en die Here trek wonderbaarlik voor ons uit! Hierdie sal 'n uitreikings veldtog wees na jeugdige tussen die ouderdom van 15 tot 35 jr en ons hoofbasis sal in Klerksdorp wees. Die oes is oorryp op die lande en ons kinders en young adults raak tussen die kerkbanke verlore...

Ons bid vir 'n geskikte perseel en ons vra asb dat julle saam met ons die Here sal vertrou vir die regte en geskikte gebou met die nodige toerusting! www.nwbikerschurch.co.za/life-line.html

Kontak Sonja by 084 208 7604 of Gerrie 082 680 3623 vir meer inligting!

Ons sal oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die krag van ons getuënis!!!!

Hervormde Kerk Orkney, Biker's Breakfast!

Saterdag 27 Nov 2010 vanaf 09h00 by die Hervormde Kerk in Orkney, Milton Laan

Kostes R25.00 per ontbyt en wees verseker van 'n lekker fees ontbyt! Bespreek asb vroegtydig by René 073 258 2688 of 018 473 5354

Ons gaan in 'n groep ry vanaf die ENGEN Garage in Carlyle Rd (pad wat deurloop na Bothaville) Kom 08h45 vir 09h00 bymekaar.



Dit is die Hervormde Kerk se jaarlikse basaar en kunsmark. Ons het vir 6 maande hul gemeente in Byronstr gehuur en wil graag hul ondersteun met hierdie projek.

KOM ONS ONDERSTEUN HUL SOOS NET ONS BIKERS KAN!

Jehovah Jireh

One of the names of our **God is Jehovah Jireh**, which means **“the all-providing One”**. **He provides more than enough**. The **God of more-than-**

enough came in the flesh and walked among His people. And as He walked by the Sea of Galilee, He did not give His disciples small blessings. That is why He said to Peter, *“Launch out into the deep and let down your **nets** [plural] for a catch,”* (Luke 5:4) and not *“let down your **net** [singular]”*. And what a catch it turned out to be — **a boat-sinking, net-breaking catch!** It was such a **big and unexpected blessing** that Peter and all who were with him were *“astonished at the catch of fish which they had taken”*.

Beloved, see God’s heart for you today. He wants to prosper you greatly. Don’t settle for anything less, thinking that He only supplies your needs and not your wants. If you need a job, know that He wants you to pray not just for a job, but for a position. When you have a position, you have influence and you are able to impact lives. Maybe what you need is a pay increment. Then, pray not just for that, but also to be in a position to give increments!

You may start out poor when you follow God. But **you cannot remain poor when you follow the God of more-than-enough.** In fact, like Peter, **you too will be astonished that God supplies more than what you need and beyond what you have asked!**



Dankie aan elke **KRUISPAD KONING** wat ons bediening beskerm deur jou finansies en gebede! As jy graag ’n **KRUISPAD KONING** wil word, kontak ons asb of besoek ons website www.crossroad-ministries.co.za
First National Bank: 62016730865
Branch Code: 230102



(Num 6:24-26 NLT)

May the LORD bless you and protect you.
May the LORD smile on you and be gracious to you.
May the LORD show you his favor and give you his peace.
SHALOM!!

יהוה

Francois & René